**Speel vir haar “Dancing Queen”**

Die vars geur van suurlemoenskil hang in die klein kombuisie. ’n Sagte glimlag rus op haar gesig. Sy neurie saam met “Dancing Queen” terwyl sy die koekpanne onder uit die kas haal.
Sy het lank laas gebak. Vandag is ekstra spesiaal. Louwtjie kom huis toe, en suurlemoenkoek is sy gunsteling. Tussen die mengery en afmetery gee sy ’n paar ligte danspassies om die kombuistafel. Die radio speel sag op die vensterbank.

Hy werk nou al maande in Angola en kom vir die eerste keer huis toe. Die plaas het nie meer genoeg inkomste gebied nie; hy moes ander werk kry. Hulle het hom voor Kersfees soontoe gestuur om kleinboere met raad by te staan.
Sy wou nie dorp toe trek nie en het alles alleen op die vlakteplaas behartig. Sy is ’n vrou wie se hande vir niks verkeerd staan nie, al sê die mense sy sloof haar af.

Haar nuwe rok met blompatrone het sy met afknypgeld gekoop. Hy het altyd gesê hy hou daarvan as sy blomrokke dra, dat hy die blomme in haar hare kan ruik. Toe sy verlede week hoor hy gaan vir ’n paar dae huis toe kom, het sy begin regmaak — die huis, die beddegoed, haarself.
Hulle het nie kinders nie; aanvanklik was sy verlore sonder hom. Saans het sy na hulle gunstelingmusiek geluister, die volume net hard genoeg, en in ’n droomwêreld verval waar hy altyd by haar is — waar hy lag, waar hy haar naam sê.

“Ek sien uit om weer op die plaas te wees. Ek wil by jou wees. Weer net ek wees,” het hy in die laaste e-pos geskryf. Dit het haar opgewonde gemaak, en sy het dit oor en oor gelees.
“Ek mis jou so baie,” het sy teruggeskryf. “Hierdie keer gaan ek groot gaan. Jy was te lank weg.”

Sy is heeltemal te vroeg op pad lughawe toe. Die verwagting om hom weer te sien is oorweldigend. Haar hare is netjies, en sy hou van die vrou in die spieël. Daar is nie tyd vir padkoffie nie, en sy koop langs die pad sonder om regtig te proe.

Die lughawe is stil. Die meeste vlugte het reeds geland. Haar oë is vasgenael op die aankomsbord. Die Luanda-vlug skuif al hoër op.

Nog ’n rukkie.
Net nog ’n rukkie.

Haar hart begin vinniger klop wanneer die landing aangekondig word.
Nou is dit wagtyd.

“Nee, mevrou, daar was nie so ’n persoon op die vlug nie.”

Haar hart mis ’n paar slae.

“Kyk weer… asseblief. Lourens Petrus Jordaan. Dalk is daar ’n fout met die vlugnommers…” smeek sy paniekbevange.

Heen en weer beweeg sy tussen die toonbanke, van een gesig na ’n ander, elke antwoord dieselfde. Haar wêreld kantel — net donkerte.

Die reuk van ontsmettingsmiddel. ’n Stem, dof en ver:
“Ek dink sy hallusineer. Dit het al voorheen gebeur. Sy is nie getroud nie. Sy leef in haar eie wêreld.”

Doodse stilte.

“Speel vir haar Dancing Queen.”

Toe die musiek begin speel, maak sy haar oë vlugtig oop. Haar lippe beweeg; skaars hoorbaar sê sy:
“Hy kom huis toe.”